Pinocchio projek – aflewering
20 Aug 2026

Vervolg van vorige jare se betrokkenheid!!:



Een van Rietvallei se Omgee projekte vir 2026 is steeds bekend as die Pinocchio projek.

Pinocchio Kleuterskool is in Daspoort geleë en dit lewer ook voorskoolse diens aan die gemeenskap se kinders uit hoofsaaklik arm ouerhuise. Die projek is verder uitgebrei aangesien daar ook behoefte by die ouers, boeties en sussies van die kindertjies is, en sodoende word volwasse klere ens. ook aan die kleuterskool geskenk waar toepaslik, vir uitdeel.

Die versoek is dus dat lede enigiets, nie net breiwerk, kinderklere en speelgoed, kon inhandig wat volwassenes en kinders tussen die ouderdomme 2maande en ouer, benodig.

Die aflewering op 20 Augustus van hoofsaaklik klerasie, speelgoed en pasta was seer sekerlik ook weereens nog een van ons vele suksesse vir Rietvallei.

Die onderstaande boodskap vanaf die kleuterskool is ontvang:

"Goeie middag Tjaart en Rietvallei lede

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om elkeen wat 'n skenking gegee het uit ons harte te bedank vir die klere en pasta vir ons skool en ouers, dit word opreg waardeer.

Julle is die beste en maak 'n groot verskil in baie mense en kindertjies se lewens.

Mag u almal geseën word met gesondheid en geluk.

Pinocchio groete
Michèle Visagie
25/08/2026"

So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale projek betrokke was. Ook ander streek lede wat tydens Weesgerus bygedra het asook De Meerpaal Aftree oord vir hul bydrae van klerasie.


Groete

Tjaart
Namens julle.

Hier volg 'n paar fotobeelde:

<u>Tyd om te ry, die 4Tuner is nou "van kop tot tone toe" vol:</u>







Michèle Visagie {links} en juf Barbara neem die items met groot dankbaarheid en glimlagte in ontvangs terwyl die kindertjies toekyk!

